# Geskiedskrywing

E Oliver
Universiteit van Pretoria

Abstract
Writing history

History itself can be experienced as a frightening subject for students. The intention of this article is to help students who come face to face with the reality of studying history from a theological point of view to understand and know some of the basics of history and the methods of writing history.

## 1. INLEIDING

Krisistye, op nasionale en internasionale vlak, bring telkens weer besinning oor die sin en bruikbaarheid van geskiedenis mee. Die lesse uit die verlede word in sulke tye op die hede betrek. Ervaring uit die verlede dien as riglyn vir besluitneming en optrede in die hede. Verder beïnvloed gebeure van die verlede, die wêreldgebeure nog baie jare daarna. So kom ons voortdurend met die gevolge van mense se optrede in die verlede in aanraking. As voorbeeld kan genoem word die invloed wat die verwoesting van die Tweede Wêreldoorlog steeds op die hedendaagse politiek en diplomatiek uitoefen. Ook in die kerklike lewe word ons beïnvloed deur gebeure en besluite uit die verlede. Dit is dus van die grootste belang dat ons van die geskiedenis moet kennis neem omdat dit nie maar net oninteressante feite is nie, maar bepalend ons daaglikse lewe en werk beïnvloed.

Hierdie artikel is geen ingewikkelde beredenering van geskiedenis en die optekening daarvan nie. Dit is bloot 'n baie elementêre en praktiese inleiding met die doel om aan studente wat vir die eerste keer met die bestudering van kerkgeskiedenis op 'n sinvolle vlak te doen kry, in kort 'n verwysingsraamwerk te bied wat ook prakties bruikbaar is wanneer kerkgeskiedenis bestudeer word.

## 2. WAT IS GESKIEDENIS?

Berkhof (1958:52) sê 'historiese besef' is om die verlede in geordende vorm te onthou. Liddell & Scott (1983:332) definieer 'historie' soos volg: 'A learning by inquiry; knowledge or information obtained by inquiry. A narration of what one has learnt, historical narrative.' Tereg wys Dreyer (1963:135) egter daarop dat definisies wat uit die betekenisaanduiding van woorde afgelei is, 'meer inlegkunde as uitlegkunde' is.

Ander definisies vir die term 'geskiedenis', is dat dit

* die historiese werklikheid self is,
* berigte aangaande die historiese werklikheid is en
* die wetenskap is wat studie maak van die historiese werklikheid.

Deur van die fenomenologie gebruik te maak, kom ons nader aan bruikbare beskrywing van geskiedenis. Dit beteken dat daar uitgegaan word van die veronderstelling dat daar so-iets soos geskiedskrywing bestaan en dat dit 'n bepaalde wetenskap is waarvan die aard bepaal word deur die objek wat bestudeer word.

## 3. DIE OBJEK VAN GESKIEDSKRYWING

In antwoord op die vraag na die aard van dit wat bestudeer word, noem Dreyer (1963:135) die volgende:

* Elke historiese studie begin by konkrete, empiriese voorwerpe wat voorhande is. Dit kan voorwerpe soos boeke, briewe, potte, monumente en gebruiksvoorwerpe insluit. Dit is nie die aard van die voorwerp wat bepaal of dit van belang vir die historiese studie is nie, maar die feit dat dit getuienis omtrent die verlede bied. Die getuieniskarakter van 'n voorwerp lê daarin dat dit terugverwys na gebeurtenisse en toestande in die verlede.

* Die getuieniskarakter van hierdie voorwerpe is egter nie selfevident nie. Dit moet ontsluit word deur die kundigheid van die historikus. Dit kan dus gebeur dat 'n voorwerp vir baie jare lank onbelangrik geag is, maar skielik baie belangrik word wanneer die navorser die getuieniskarakter daarvan ontdek.

* Die historikus is veral geïnteresseerd in getuienis aangaande menslike aktiwiteite. Daar word egter nie na die wese van die mens gevra nie, maar na die mense binne bepaalde raamwerk van ruimte en tyd, wat bewus denkende, willende, waarderende en toerekenbare wesens was.

* Uit hierdie voorwerpe selekteer die historikus dit wat belangrik is. Wat uiteindelik as belangrik beskou sal word, hou verband met die doel van die historiese

ondersoek. Van die relevante materiaal is belangrik dit wat *tipies* is en dit wat *beslissend* is.

Die *tipiese* is belangrik wanneer die historikus 'n beeld van die mens in sy wêreld op 'n bepaalde tyd en plek wil weergee. Dan is die geskiedenisbeeld waarmee gewerk word oorwegend staties, dit wil sê die dinamiek van die lewe op bepaalde tyd en plek, word bevries in 'n poging om dit so getrou moontlik te kan voorstel.

Die *beslissende* aspek is belangrik wanneer die dinamiek van die geskiedenis nagevors word, soos wanneer daar gekyk word na 'n reeks veranderinge soos dit op 'n bepaalde tyd en plek plaasgevind het en wat die invloed daarvan op die mense was. Die beslissende sy van die geskiedenis is dit wat die verandering bewerk, of dit bestendig en daaraan vorm gee.

- Die historikus selekteer historiese feite. Historiese feite is volgens Deist (1982: 9) dit wat vir die doel van die ondersoek relevant is. Dié feite moet dan geïnterpreteer en georden word. Die stof word dan in 'n verhaal verwerk. Marsak (in Deist 1982:11) stel dit so: 'To construct history is to narrate it'.

## 4. REKONSTRUKSIE

Dit is baie belangrik om te onthou dat ons in die praktyk van geskiedskrywing met rekonstruksie te doen het. Anders as by die natuurwetenskappe waar rekonstruksie deur eksperimentele herhaling gekontroleer kan word, het ons hier te doen met ideële rekonstruksie. Die historikus se rekonstruksie maak geen verskil aan die reële eksistensie of non-eksistensie van die voorwerp van sy studie nie (Dreyer 1963: 138).

Van Aarde is egter die mening toegedaan dat die term *rekonstruksie* in die geval van geskiedskrywing op positiwisme dui. Gebeure is eenmalig. Geskiedenis is interpretasie van die gebeure. Wanneer gebeure verhaal word, selfs deur die mense wat dit beleef het, verskil die interpretasie en vertolking daarvan. Hierdie verskille kan intensioneel wees (bepaal deur emosie of oortuiging) maar dit hoef ook nie opsetlik te wees nie (ander waarneming). Rekonstruksie van die oorspronklike gebeure is onmoontlik weens die komplekse en dinamiese aard van geskiedenis. Daarom kies Van Aarde eerder vir die term *konstruksie*. Elke poging om gebeure te beskryf, is konstruksie daarvan soos die geskiedskrywer en sy inligtingsbronne die gebeure beleef of verstaan en weergee.


Geskiedskrywing behels die navorsing en weergee van feite. Hierdie feite moet in 'n sisteem, en in onderlinge samehang aangebied word. Feite is uitsprake oor dit wat in die verlede gebeur het. Dit is nie dieselfde as gebeure nie. Feite moet uit die

inligtingsbronne gerekonstrueer word (Deist 1982:5). Dit is belangrik om te onderskei tussen feit en gebeurtenis. Om dit te verduidelik, kan ons dink aan die gebeure in 'n hof. Verskillende mense lê 'n eed af dat hulle die waarheid sal praat. Hulle vertel wat 'werklik' gebeur het. Dan word dié 'feite' getoets. Dit gebeur soms dat daar uit twee stelle feite 'n gebeurtenis gekonstrueer word wat waarskynlik nader aan die oorspronklike gebeurtenis is as enige van die twee oorspronklike verslae. 'n Verslag oor 'n gebeurtenis hoef dus glad nie in presiese verhouding te staan ten opsigte van die gebeure self nie (Deist 1982:7).

Die 'waarheid' van die geskiedenis staan of val nie by die ooreenstemming tussen werklikheid en weergawe nie. Verskillende weergawes moet krities getoets word om vas te stel watter weergawe 'waarskynlik' die naaste aan korrek is. As ons dus sê dat geskiedenis met feite werk, moet daar twee belangrike kwalifikasies bygevoeg word, naamlik:

* Feite is die waarskynlikste rekonstruksies van dinge wat in die verlede gebeur het;
* feite is net die fondament van geskiedenis en is self geen geskiedenis nie – geskiedenis word rondom feite geskryf (Deist 1982:7).

As samevatting van die historikus se werk in verband met die versameling van feite, word die volgende skets gegee:




## 5. SKRYF VAN GESKIEDENIS

Geskiedenis as kennis van die verlede bestaan enersyds uit die fragmentariese dokumentasie van gebeurtenisse uit die verlede deur allerlei voorwerpe. Die ander sy van geskiedskrywing bestaan uit die historikus se verwerking van die inligting tot rekonstruksie van die lewe en wêreld van bepaalde mense binne die raamwerk van bepaalde tyd en plek.

Op grond van die resultate van die ondersoek gaan die historikus dan oor tot die volgende fase, naamlik die optekening en beskikbaarstelling van die bevindinge. Tog stel Pont (1963:147) tereg dat geskiedenis meer is as net kroniek, waar feite verbandloos en sonder waardering naas mekaar geplaas word. Geskiedenis veronderstel verband en samehang, nie alleen met die gebeure van die verlede nie, maar ook met die mens van die hede. Van Jaarsveld (1951:14) is van mening dat Suid-Afrikaanse geskiedeniswetenskap apologeties van aard is. Hy voer die oorsprong van hierdie tendens terug na die periode van en na die Groot Trek toe die Afrikaner na selfverdediging en selfregverdiging gestreef het.

Van Jaarsveld (1951:15) stel verder dat apologetiek en objektiwiteit twee begrippe is wat moeilik verenigbaar is. Metodiese bewussyn en 'historiese verstaan' is volgens hom nodig om te breek met die apologetiek. Metodiese bewussyn bring besinning, afstand en insig. 'Historiese verstaan' word beskryf as die intuïtiewe indringing wat die verlede as geheel in samehang met sy onderdele uit homself en ter wille van homself wil begryp en wat dieper gaan as die apologetiek wat vooropgestelde standpunte wil verdedig.

Apologetiese geskiedskrywing bevat ook 'n element van romantiek – dit wil sê die historikus word verlei om 'populêre geskiedenis' te skryf. Die geskiedenis word so aangebied dat dit nie die werklike feite probeer weergee nie, maar bewustelik geharmoniseer word met die perspektief en verwagtinge van die lesers.

Dit bring ons by die volgende saak, naamlik die vooronderstellings van die geskiedskrywer. Ons onthou gebeure wat in die verlede plaasgevind het vanuit die gevolge wat dit gehad en moontlik steeds het. Daarom het geskiedenis altyd bepaalde gevoelswaarde en kan emosie nie daarvan losgemaak word nie. Den Boer (1966:33) voeg hierby: 'Wat de geschiedenis van een recent verleden zo moeilik maakt, is, dat zij *geheiligd* (sy kursivering) voortleef in de herinnering van de tijdgenoten. En heiligheid schept een slecht klimaat voor beoefening van geschiedenis'. Die betekenis en samehang van die gebeure wat beskryf word, word dus nie deur die historiese feite alleen bepaal nie, maar ook deur die verstaan en waardering daarvan deur die historikus. Dit lei weer daartoe dat objektiwiteit aan die subjektiwiteit van die geskiedskrywer verbonde is. Wanneer die resultate van die navorsing neergepen word, begin die vooronderstellings van die historikus egter 'n groot rol speel. Dit kom na vore in die waarde-oordeel wat hy uitspreek asook die sin en betekenis wat hy aan die gebeure toeken. In 'n poging om die verlede te rekonstrueer moet die onbetroubare gegewens krities uitgesif en die gapings moet sinvol oorbrug word. Die interpretasie van stof hang baie nou saam met die vooronderstellings asook die lewens- en wêreldbeskouing van die historikus. Hierdie invloede word veral uitgelig deur die kritiek van mede-historici. Kritiek is 'n bron van waar-

devolle kontrole wat die historikus dwing om sy eie subjektiwiteit onder oë te neem en aan bande te lê.

Dreyer (1963:142) stel dit so:

> In enige wetenskap, hoe groter die rol van die wetenskaplike is, hoe belangriker word die eis van persoonlike integriteit en selfdissipline wat aan die wetenskaplike gestel word. Eerlikheid en opregtheid in die strewe tot objektiwiteit, regverdige en gebalanseerde rekenskap van die eie standpunt en grondige denke oor die fundamentele begrippe maak wesenlike verskil in die kwaliteit van die historikus.

## 6. DIE HISTORIES-KRITIESE METODE

Die histories-kritiese metode probeer naspeur wat werklik gebeur het en wat die betekenis daarvan was en is. In hierdie proses is die kritikus verplig om deur middel van rasionele argumente die gegewens te beredeneer (Van Aarde 1984:3). Verder word die metode as krities, analogies en korrelerend beskryf:

* *Krities* omdat dit metodies-twyfelend van aard is en slegs waarskynlikheidsoordele kan vel;
* *Analogies* omdat daar op vergelykende wyse met bronne omgegaan word;
* *Korrelerend* omdat daar gesoek word na die wisselwerking tussen verskynsels en verbande tussen gebeure.

Die manier waarop die geskiedenis weergegee word, moet verder voldoen aan die eise en kategorieë van die logika. 'n Belangrike kategorie is dié van oorsaak en gevolg. Die waarheid van die geskiedenis hang van die houdbaarheid van die feitebasis af, asook die objektiwiteit van die feiteseleksie en die konsistensie waarmee die argumente gevoer word (Deist 1982:15).

Ten slotte kan ons sê dat daar 'n hoë premie geplaas word op die korrektheid van feite en die samehang van die verhaal wat aangebied word (Deist 1982:21).

## 7. KERKGESKIEDENIS

Kerkgeskiedskrywing word onderskei van kontemporêre geskiedenis. Kerkgeskiedenis sentreer rondom die kern van die kerk en die geskiedenis: Christus en die heilsgeskiedenis. Daarom is die kerkgeskiedenis wat sy aard, aanbieding, taak en doel betref, so sterk didakties. Dit hang ook saam met die feit dat kerkgeskiedenis sy oorsprong in die kategese van die kerk het.

Pont (1963:150) stel drie moonlikhede vir die beoefening van kerkgeskiedenis:

- *Kerugmaties* net sekere periodes uit die kerkgeskiedenis word behandel omdat nie alle kerkgeskiedenis by dié doel aanpasbaar is nie;
- *opvoedingsmedium* sogenaamde 'groot figure' word behandel en as navolgenswaardige voorbeelde aangeprys;
- *tweeledige funksie* enersyds om die betekenis van die geskiedenis toe te lig en andersyds om verantwoordelike deelname in die lewe van die kerk te stimuleer. Die kerkgeskiedenis word, met Christus in die sentrum, in totaliteit behandel. Hierdie laaste moontlikheid moet as die wenslike gesien en nagestreef word.

Kerkgeskiedenis is 'n noodsaaklike en onontbeerlike deel van die vorming van teologiese studente. Dit is noodsaaklik dat teologiese studente die basiese beginsels van geskiedskrywing onder die knie het wanneer kerkgeskiedenis bestudeer word. In hierdie kort artikel is gepoog om hierdie basis op praktiese en verstaanbare manier aan te bied.

**Literatuurverwysings**

Berkhof, H 1958. *Christus de zin der geschiedenis*. Nijkerk: Callenbach.

Deist, F E 1982. Historiografie, in Deist, F E, Steyn, J, Roberts, J H & Vorster, J N, *Nuwe Testament*, 5-35. Pretoria: UNISA.

Den Boer, W 1966. Terminologie en waardeoordeel in de geschiedwetenschap. *Standpunte* 19/4, 23-35.

Dreyer, P S 1963. Die geskiedkundige en die geskiedenis. *HTS* 18/4, 132-146.

Pont, A D 1963. Enkele opmerkings oor objektiewe kerkgeskiedskrywing. *HTS* 18/4, 146-152.

Van Aarde, A G 1984. Eksegetiese metodeleer: Die historiese kritiek en inleiding tot die eksegese van die Sinoptiese Evangelies. Studiegids, Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap (Afd A), Universiteit van Pretoria.

Van Jaarsveld, F A 1951. Oor die teoretiese aspek van die geskiedeniswetenskap in Afrikaans. *Standpunte* 6/1, 12-22.